# 10 DAE VAN GEBED

## Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 8 — DIE VAL VAN BABILON EN GEBED

*"EN ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: 'Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,'"* – Openbaring 18:1, 2

### Die Tweede Engel se Boodskap

Die drie engele boodskap van Openbaring 14 is spesifiek ontwerp om mense voor te berei vir die wederkoms van Jesus. Dit maak God se planne bekend en ontmasker die Satan se planne. Die tweede engel se boodskap gee 'n ernstige waarskuwing: "*Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery*." (Openbaring 14:8). Net soos antieke Babilon oorlog gemaak het teen God in rebellie teen Sy gebooie, staan geestelike Babilon in rebellie teen God. Sy stuur haar "beker" van valse leerstellings uit om miljoene te verlei. Ellen White beskryf Babilon so, "Die groot sonde waarvan Babilon beskuldig is, is dat sy die bewoners van die aarde dronkgemaak het met die wyn van haar hoerery." Hierdie beker wat sy aan die wêreld gee, stel die valse leerstellings voor wat sy aangeneem het as gevolg van haar onwettige verbintenis met die grotes van die aarde. Vriendskap met die wêreld het haar geloof besoedel, en sy op haar beurt oefen n verderflike invloed uit op die wêreld deur haar leerstellings wat teenstrydig is met die duidelike verklarings van die Heilige Skrif." (*Die Groot Stryd*, bl. (444). Hoerery is 'n onwettige eenheid. Geestelike Babilon draai teen haar ware liefde, Jesus, en verenig met die staat of die politieke magte.
Hierdie vereniging van kerk en staat, soos beskryf in Openbaring 17, lei tot die afdwing van die merk van die dier. Babilon verteenwoordig die godsdienstige stelsel wat die Skrif verdraai en is gesentreerd in menslike lerings. Die tweede engel se boodskap, gekombineer met die profisieë van Openbaring 17 en 18, onthul wat as 'n oorweldigende verrassing op die aarde gaan gebeur. Die afvallige godsdienstige magte sal verenig met die politiese en die ekonomiese magte om 'n eenheid te vorm in die tyd van wêreldwye krisis en rampe.

Die tweede engel se boodskap is 'n ernstige oproep tot gebed in ten minste drie areas.
**Eerstens,** dit roep ons om getrou aan Christus te wees en Sy Woord. Kompromieë in ons persoonlike lewens sal net lei om in die finale oomblikke van die aarde se geskiedenis te verenig met Babilon en die oorlog teen die mense van God.
**Tweedens**, roep hierdie boodskap ons tot 'n geloof wat die toets van die tyd sal deurstaan. Die profeet van God maak 'n ernstige oproep op ons, "'n Storm is aan die kom, meedoënloos in sy woede. Is ons gereed om dit te ontmoet? Ons moet nie sê, 'Die gevare van die laaste dae gaan binnekort op ons wees nie.' Dit is alreeds op ons. Ons het nou die swaard van die Here nodig om te sny tot die siel en die murg van vleeslike begeertes, aptyt, en passies. Verstande wat oorgegee is aan ydelike gedagtes moet verander. Die gedagtes moet gevestig wees op God." (*With God at Dawn*, bl. 113).
**Derdens**, roep hierdie boodskap ons om ons vriende en families uit te nooi na 'n dieper verhouding met Jesus en 'n begrip van Openbaring se waarhede vir hierdie finale uur. Soos ons nou gaan kniel om te bid, laat ons bid vir hierdie spesifieke dinge:

'n Beter begrip van God se Woord, 'n groter liefde vir Jesus en 'n onwrikbare gees.
'n Geloof wat die toets van die beproewing kan weerstaan.
Die moed om te getuig aan diegene rondom ons.

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Bid God se Woord – Openbaring 14:8

"Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery."

### "Babilon het Geval"

*Ewige Vader, afgesien van U Heilige Woord, is daar niks in hierdie wêreld wat meer vertrou kan word om 'n vaste en betroubare fondament vir die lewe te wees nie. Help ons om ons lewens te bou deur U genade, deur U Gees, op U Woord alleen.*

### "Omdat Sy Al die Nasies Laat Drink"

*God, ons is bevoorreg om U te kan ken en om 'n begrip te hê van die waarheid deur U Woord. Ons erken ook ons verantwoordelikheid as gevolg daarvan. Vandag bid ons vir die biljoene mense wat vasgevang is in vals leerstellings. Help ons om hulle die waarheid te wys omtrent wie U is en hoeveel U hulle liefhet en wil hê dat hulle tot die volheid van die waarheid moet kom.*

### "Die Wyn van die Grimmigheid van haar Hoerery"

*Jesus, ons erken dat daar tye is wanneer ons gedagtes weggelei word deur die talryke illusies en verleidings van Satan. Somtyds hou ons op om na U te kyk en in plaas daarvan fokus ons op self en 'n selfsugtige lewe. Vergewe ons asseblief. Vergewe ons waar ons toegee aan ons menslike natuur en vestig in ons die oorwinning wat slegs U kan voorsien.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Let Your Heart Be Broken (575); Once to Every Man and Nation (606); Turn Your Eyes Upon Jesus (290)
*Adventlofliedere:* Die Uur van Sy koms is vir Ons (400); Sag en vol Teerheid (169); Gaan My nie Verby o Heiland (187); Voorwaarts, Christenstryders (370); Hef die Strydkreet aan (469)